BEGROTINGSREDE: UITVOERENDE BURGEMEESTER: SPESIALE RAADSVERGADERING:

BEGROTING 2018/2019 – 2020/2021:

MUNISPALE RAADSAAL:

CALEDON: 28 MAART 2018

INLEIDENDE OPMERKINGS

Speaker, Raadslede, Amptenare, Media en lede van die publiek.

Met die uitsondering van ‘n kort onderbreking in 2015 en 2016, dien ek reeds sedert 2006 op Theewaterskloof se munisipale raad. In die tyd het ek 10 van die 12 begrotings beleef.

Hierdie is my tweede begroting as Uitvoerende Burgemeester en is dit vir my nogeens ‘n voorreg om die konsepbegroting vir 2018/2019 en die twee opeenvolgende jare aan u voor te hou.

UNIEKHEID VAN DIE BEGROTINGSUITDAGINGS

Jaar na jaar word gesê dat dit al moeiliker word om die munisipaliteit se begroting te laat klop. Ek dink nie daar is iemand in die munisipaliteit wat met my sal verskil as ek die stelling maak, dat die samestelling van vanjaar se begroting, om verskeie redes, waarskynlik die moeilikste tot nou toe was nie.

‘n Munisipale begroting word op dieselfde realiteite as ‘n begroting vir ‘n huishouding geskoei. Dit maak nie saak wat ons wil bereik nie, die eindresultaat hang af van die gelde wat ons inkry en wat ons moet spandeer.

Die tendens by 70% van munisipaliteite in Suid-Afrika is dat hul nie meer genoeg inkomste genereer, of der mate solvent is, dat hulle volhoubare en effektiewe dienste kan lewer nie.

Theewaterskloof munisipaliteit is een van die 30% wat steeds met sinvolle dienslewering slaag en in sekere opsigte self presteer. Wat dit betref het ons dus rede om dankbaar te wees.

Die problematiek rondom die samestelling van ‘n volhoubare en effektiewe begroting, wat die grondslag vir goeie dienslewering en suksesvolle derdevlakregering lê, is die feit dat:

- Alle munisipale inkomstebronne onder druk is.
- Die koste van dienslewering besonders hoog is.
- Dit al moeiliker word om inkomstes te verhaal.
- Publieke verwagtinge ten opsigte van dienslewering uit voeling is met die munisipaliteit se finansiële en kapasiteitsvermoë om daaraan te voldoen.

Ek dink dit is hoogtyd dat ek ‘n saak aanraak wat deur die meeste, veral vermoënde munisipaliteite en hoër vlakke van regering, geïgnoreer word. Ek verwys na die inherente ongelykheid tussen munisipaliteite en dat daar inderdaad ryk en baie arm owerhede is. Die situasie is meer akkuut as wat

meeste van ons dink en is waarskynlik strydig met die Nasionaal-Grondwetlike bedoeling dat gelyke geleenthede vir almal ook gelyke toegang tot munisipale dienste bedoel.

Speaker, as voorbeeld van die finansiële ongelykheid tussen munisipaliteite verwys ek na ‘n som waar Overberg se B-munisipaliteite se operasionele begrotings vir 2017/2018 na die totale bevolking toegedeel word. Ek weet sekere veranderlikes reflekteer nie in dié som nie, maar dit sal in ieder geval nie ‘n noemenswaardige effek op die eindtotaal hê nie.

Indien Overstrand se operasionele begroting vir 2017/2018 na die bevolking van 89726 toegedeel word, kry elke inwoner teoreties munisipale dienste en produkte ter waarde van R11 566.

In Kaap Agulhas is die bedrag R8 822.

In Swellendam is die bedrag R6 066.

Theewaterskloof se bevolking word amptelik op 117 657 geskat. Indien die operasionele begroting na die getal mense toegedeel word, kry elkeen R4 240.

Die waarheid is egter dat Theewaterskloof se werklike bevolking waarskynlik 150 000 is en dat elke inwoner se porsie waarskynlik R3 886 is.

LIGPUNTE

Hoewel die samestelling van dié jaar se begroting, weens potensiële veranderlikes, soos die onbeheersde vestiging van onwettige menslike nederesettings en die komplekse diensbehoeftes van sulke woongebiede, ‘n groot uitdaging was, is daar tog ligpunte:

- Die munisipaliteit het vir die 2016/2017 jaar nogeens ‘n skoon ouditverslag van die Ouditeur-Generaal ontvang - dit bevestig goeie en korupsievrye regering en effektiewe finansielë bestuur en beheer deur die korporatiewe en politieke gesag van die owerheid.

- Die begroting vervat enkele kernprioriteite van die vierde generasie GOP hoewel die behoeftes, soos in die GOP aangedui, omvattend is en die munisipaliteit gewoon nie oor die geld beskik om alles te befonds nie. Dit wat wel by die begroting ingesluit is sal ‘n positiewe uitwerking op dienslewering en gemeenskapslewe hê.

- Ek wil byvoeg dat, weens uitstekende kommunikasie op verskeie vlakke en die unieke aard van die GOP en begroting se publieke deelnameprosesse, ek van mening is dat meeste mense in Theewaterskloof bewus is van en begrip het vir die owerheid se finansiële- en kapasiteitsbeperkinge

- Die begroting poog om alle inwoners se belange na die beste van ons finansiële- en kapasiteitsvermoëns aan te spreek, maar die primêre klem is egter op die verligting van die lot van die heel armstes en die voorsiening van basiese dienste aan deernisfamilies.

- Speaker, ons kan egter nie net na die deernisbevolking kyk nie en het ook ‘n verantwoordelikheid teenoor die 47% inwoners wat belasting betaal. Met dié begroting poog die munisipaliteit om na

die beste van sy vermoë, dienste aan tarief- en belastingbetalers te lewer. Inwoners kry nie noodwendig waarvoor hul meen hul betaal nie, en hul het straks ‘n groot deel van die nasionale regering se verpligtinge teenoor die armes oorgeneem, maar ons het ons bes gedoen om so veel as waartoe ons instaat is, terug te gee.

- Ons het nogeens in terme van ‘n goedgekeurde plan vir die opgradering en instandhoudings van infrastruktuur begroot. Speaker, ek is optimisties dat ons marginale vordering sal maak met die verbreeding van die volhoubaarheid van infrastruktuur en gevolglik ook dienslewering.

- In die verlede het TWK se dienstetariewe, veral vir elektrisiteit en water, die druk op die verkryging van belasting verlig. Tot ‘n mate het tariewe belastings gesubsidieer. Dié situasie het mettertyd ‘n versadigingspunt bereik en die munisipaliteit finansieël blootgestel. Inwoners het hul verbruik van dié komoditeite verminder en die munisipaliteit se inkomste het gedaal. Hoewel belastings gemiddeld met net 10% styg, slaag die begroting tog daarin om die verhouding tussen tarief- en belastingsinkomste te verbeter. Bygesê, kruis-subsidiëring, veral uit water, vind steeds plaas en indien dit totaal verdwyn sal dit groot druk op die belastingbetaler plaas.

- Dié begroting is opgestel met in agneming van prioriteite soos finansiële stabiliteit, effektiewe bestuur van die migrasie-verskynsel, verswakkende infrastruktuur en die groeiende en onvoorsiene publieke verwagtinge.

- Vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling het die munisipaliteit R600 000 begroot vir ‘n beleid ten opsigte van grootmaat-ontwikkelingsbydraes. Verder het die owerheid sy belastingbeleid aangepas om vrystelling te verleen vir nuwe besigheidsontwikkelings vir die eerste 3jaar van ontwikkeling. Daarna word belasting oor ‘n periode van 3 jaar infaseer.

BEDREIGINGS

- Munisipaliteite se krimpende staatsinkomste is in skrille kontras met die snel-groeiende deernisbevolking. Die realiteit is dat Nasionale Regering sy finansiële verpligtinge teenoor munisipaliteite inkort terwyl armoede eskaleer. In die nasionale begroting vir 2018/2019 kry munisipaliteite R5.8 Biljoen minder as verlede jaar. Munisipaliteite betaal nou die prys vir die miljarde rande wat, in die vorige president se termyn, weens korrupsie en staatskaping verlore gegaan het.

  Dit gaan nie in die afsienbare toekoms verander nie, omdat die land taai ekonomiese uitdagings soos gratis naskoolse onderwys en grondvervreemding sonder vergoeding in die gesig staar. Plaaslike regerings word gedwing om toenemend op eie finansiële bronne te oorleef en om veral belastings te verhoog. Die munisipaliteit verhoog weliswaar vanjaar belastings, maar die persentasie is laer as verlede jaar.

- Terwyl ek groot begrip het vir van die Nasionale regering se uitdagings meen ek dat die munisipale fiskale model vir die befondsing van munisipaliteite uitgedien is. Indien dit nie verander nie gaan die #FeesMustFall-veldtog vir gratis onderwys eersdaags plek maak vir ‘n veldtog waar daar vir basiese munisipale dienste beding gaan word. In plaas van om die ekonomie met onsekerhede, soos eiendomseienaarskap, te belas, is dit tyd dat die nuwe President en sy administrasie ekonomiese groei versnel deur ‘n omgewing te skep wat by beleggers vertroue inboesem.

- Speaker, Theewaterskloof is arm en die belastingsbasis is klein. Boonop groei die plaaslike ekonomie teen 'n trae pas. Om die munisipaliteit se belastingsbasis en tariefinkomste te verbreed moet die munisipaliteit plaaslike ekonomiese groei versnel. Ongelukkig finansier die begroting nie die behoefte na behore nie en sal ons innoverende oplossings moet vind om ekonomiese groei aan te blaas.

- Gegewe hierdie omstandighede gebeur dit steeds dat mense in "non-grant-funded-areas" en belastingbetalers in die algemeen diegene in "Grant-funded-areas" subsidieer. Dit sal moet stop, want die belastingbetaler gaan nie meer vir lank dié ongelykheid aanvaar nie. Tans kry die belastingbetaler min vir sy insette.

- Speaker, die begroting laat wynig ruimte vir onvoorsiene uitgawes. Die munisipaliteit sal homself teen dienslewering aan informele woongebiede op besette staatsgrond moet verskans. Daar is gewoon nie geld op die begroting om onbeplande basiese dienste aan informele nedersettings te lewer nie. As alternatief moet die munisipaliteit, soos in 2017/2018, daarin slaag om addisionele fondse en geld vir onvoorsiene of onbeplande uitgawes by provinsie te beding.

- Gegewe die omvang van skade weens protesoptogte en vandalisme sal die munisipaliteit planne moet beraam om dit tot die minimum te beperk.

- Die droogte wat groot dele van die Wes-Kaap en ook Theewaterskloof teister se impak op die owerheid se die inkomstebronne is beduidend negatief. Uitgawes, om die effek van die droogte te neutraliseer en om volhoubare waterverskaffing te verseker, vererger die situasie.

NOTAS TER AGTERGROND VAN DIE BEGROTING

Die Medium Termyn Inkomste- en Uitgaweraamwerk (MTREF) vir 2018/19 tot 20120/21 is saamgestel om aan die vereistes van veral die volgende wette te voldoen:

- Die Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996;
- Die Munisipale Strukturewet, Wet 117 van 1998;
- Die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000;
- Die Munisipale Finansiële Bestuurswet (MFMA), Wet 56 van 2003;
- Die Munisipale Begrotings- en Veslagdoenings-regulasies wat op 17 April 2009 gepromulgeer is; en
- Die Wet op die Verdeling van Inkomste, Wet 1 van 2010.

Die Inkomste- en Uitgawe-projeksies het die jaarlikse inflasie-gekoppelde aanpassings, van toepassing op die Medium Termyn Inkomste- en Uitgaweraamwerk, in ag geneem.

Die primêre uitdagings wat ervaar is met die samestelling van die Medium Termyn Inkomste- en Uitgaweraamwerk vir 2018/19 word soos volg opgesom:

- Die herprioritisering van kapitale projekte en operasionele uitgawes in terme van die finansiële bekostigbaarheidslimiete van die begroting; en die inganeming van die munisipaliteit se kontantposisie.

- Salarisverhogings vir personeel wat verbruikersinflasie oorskrei; en die vereiste om onbefondsde kritiese en essensiële vakante poste, in terme van die kollektiewe ooreenkoms ten opsigte van salarisse en lone, te vul.

- Die begroting maak nie voorsiening vir sowat R4,3 Miljoen om waarskynlike nuwe salaris- en loonkurwe te befonds nie. Die gewysigde kurwes sal van krag word as die munisipaliteit in 'n nuwe plaaslike owerheidsgradering val. Die begroting voorsien ook nie vir die vul van enige vakante poste nie.

- Nasionale en plaaslike ekonomiese uitdagings en 'n verwagte groeikoers van 1.8%.

- Die Verbruikers-prysindeks (CPI) word oor die korttermyn teen 5.3%, 5.4% and 5.5% geprojekteer.

- Die brandstofprys is onderworpe aan verskeie veranderlikes soos die volatiliteit van die geldeenheid, internaasionale politieke gebeure wat noodwendig die olieprys opwaars druk en die risikos wat ontwikkelende markte in die gesig staar.

- Die klem op verligting vir deernishuishoudings en die noodsaak om gratis basiese dienste te lewer sonder dat die nasionale regering sy verpligtinge in dié verand by die realiteit aanpas.
- Onbefondsde mandate.

- Die munisipaliteit word deur wetgewing verplig om munisipale waardasies van alle eiendomme in die munisipale gebied te doen; en die koste hieraan verbonde is R1,4miljoen in 2017/18 plus R1miljoen in 2018/19.

- 'n Voorsiening van R 2 Miljoen as die munisipaliteit se bydrae tot brandweerdienste.

- Voorsiening moes gemaak word vir rente en delging op lenings om nuwe waterbronne te ontgin terwyl die koste van vullisstorting by Karwyderskraal met 122% of R4,4 miljoen tot R8miljoen gestyg.

KENMERKE VAN DIE BEGROTING

Die begrote operasionele inkomstes vir 2018/2019 is R 583,246 Miljoen. In vergeleke met die 2017/2018-begroting groei dit met R 14, 6 Miljoen oftewel 3%.

Die begrote operasionele uitgawes vir 2018/2019 is R 543,985 Miljoen en R35, 4 Miljoen, oftewel 7%, meer as in 2017/2018.

Gegewe die stand van die munisipaliteit se inkomstebronne kan die ratio tussen inkomste en uitgawes slegs verhoog, indien inkomstes uit dienste- en belastingsgelde verhoog word.

Die munisipaliteit is egter deeglik bewus dat die las op dienste- en belastingsbetalers beperk moet word.

Die munisipale inkomste bestaan uit:

Eeindomsbelasting is	R103.6 Miljoen (18% van begroting) en neem met 10% toe
Dienstegelde beloop	R225 Miljoen (39% van begroting) en neem met 13% toe
Operasionele skenkings beloop	R142 Miljoen (24% van begroting) en neem met 4% toe.
Kapitale skenkings beloop	R47.3 Miljoen (8% van begroting) en neem met 40% af.
Ander eie inkomste beloop	R65 Miljoen (11% van begroting) en neem met 12% toe.

'n Opsomming van die munisipale uitgawes is soos volg:

- Werknemerkoste is 38% van uitgawes en neem met 10% toe.
- Vergoeding van Raadslede is 2% van uitgawes en neem met 5% toe.
- Depresiasie is 4% van uitgawes en neem met 24% af.
- Finansieringskoste is 4% van uitgawes en neem met 11% toe.
- Grootmaataankope is 14% van uitgawes en neem met 11% toe.
- Ander material is 11% van uitgawes en neem met 13% toe.
- Onderhoud en herstelwerk is 19% van uitgawes en neem met 7% toe.
- Ander uitgawes is 8% van uitgawes en eskaleer met 1%.

Tarriefverhogings vir 2018/2019 is soos volg:

Belasting: Die tarief verminder met 21% maar inkomste groei met 10% weens die verhoogde eiendomswaardasies.
Elektrisiteit: 6.8% (onderhewig aan NERSA goedkeuring)
Water: (Dit is 'n toename van 15,6% vir huishouding wat 15kl per maand gebruik en 20.5% vir huishouding wat 30kl per maand gebruik.
Sanitasie: 16.3%
Vaste afval: 18.25%

Die kapitale uitgawes vir 2018/2019 beloop 'n begrote R79.1 Miljoen in vergeleke met die R130.2 Miljoen van 2017/2018.

Die kapitale uitgawes vir 2017/2018 is egter deur die loop van die jaar met R21 Miljoen, wat die owerheid addisioneel by die proviniale regering beding het, aangewas. Die R21 Miljoen is vir droogtehulp en behuising bekom. In 2018/2019 sal die owerheid poog om verdere addisonle toekennings te bekom en kan die begrote R79.1 Miljoen verhoog.

SLOTOPMERKING

Die beplannings-, ontwikkelings- en implimenteringsfases van die van die GOP en Begroting van Theewaterskloof munisipaliteit, vir die periode 2018/2019 tot 2020/2021, voldoen aan alle wetlike vereistes en veral die wat voorgeskryf word deur die Plaaslike Owerhede: Munisipale Stelselswet (32 of 2000).

In die uitvoering van sy oorsigrol het die Raad op die volgende gefokus:

- Die aanvaarding van ‘n proseplan wat die beplanning, samestelling en goedkeuring van die konsep-GOP en Begroting dikteer het.
- Voldoening aan die voorskrifte waarvolgens die publiek, gemeenskappe en rolspelers aan die GOP- en Begrotingsprosesse deelgeneem het.
- Die bepaling en evaluering van prioriteite soos dit by ‘n werkswinkel beredeneer is.
- Die implimentering van kriteia om GOP-prioriteite by die Begroting in te sluit.
- Inetegrasie van die GOP en Begroting.
- Goedkeuring van die konsep-GOP.
- Publisering van die konsep-GOP vir publieke insette.
- Terugvoer aan gemeenskappe van alle Wyke oor die afloop en uitkoms van die GOP-proses.

Die proses het verseker dat die volgende enitiete by die opstel van die GOP en Begroting betrokke was:

- Wykskomitees.
- Dorpsforums.
- Politieke administrasie van die munisipaliteit.
- Korporatiewe administrasie van die munisipaliteit.

In die samestelling van die konsep-GOP en Begroting het die Raad verseker dat die bepalings van Plaaslike Owerhede: Munisipale Stelselswet (32 of 2000) nagekom is; en spesifiek die voorskrifte wat handel oor die gemeemskappe se deelname in die ontwikkeling van die GOP en Begroting. Die publiek was betrokke deurdat hulle:

- Deel was van besluitnemingsprosesse.
- ‘n Oorsig gehad het oor die prosesse.
- Deel was van die ontwikkeling, implimentering en hersiening van die GOP.
- Geverifieer het dat die die belange van mense met spesifieke behoeftes, soos die wat nie kan lees of skryf nie, inag geneem is.

Die Raad het verseker dat gemeenskappe se kernbehoeftes in die GOP geartikuleer word. Die konsepbegroting is die produk van uitstekende samewerking tussen die korporatiewe en politieke administrasies van die munisipaliteit en die publiek.

Dit was nie maklik om die begroting op te stel nie en die proses het uitsonderlike kundigheid, harde werk en toewyding geverg. Dit het vereis dat daar nuut en inoverend gedink moes word. Ek meen die GOP en Begroting wat ons opgestel het reflekteer die belange van goeie regering, die munisipaliteit, en ons breër gemeenskap.

Speaker, hierdie is ‘n konsep-begroting en kan hersien en gewysig word. Die begroting sal vir publieke insette adverteer word en ek vertrou dat alle belastingbetalers en bevoordeeldes dit sal bestudeer.

Die munisipaliteit sal kommentaar verwelkom en bied die versekering dat alle voorstelle en versoeke oorweeg sal word voor die finale begroting vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

Ek bedank die Munisipale Bestuurder en sy span vir hulle puik werk om die begroting te voltooi en te laat klop. Baie dankie aan my Uitvoerende Komitee en die Raad vir julle insette en harde werk.

Ek dank ons Hemelse Vader vir Sy rigtingwysing en omdat niks sonder Hom bereik kon word nie. Ek loof Hom.

Speaker, ek lê nou die konsep-GOP en begroting voor vir publikasie en publieke insette.

Ek dank u.

Raadslid Christelle Vosloo
Uitvoerende Burgemeester